

# 1. Die Verlore Skaap

**Teks: Lukas 15:4-7**

"Sê nou een van julle het honderd skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy dan? Hy laat die nege en negentig in die veld staan en gaan agter die een aan wat weg is, totdat hy hom kry. En as hy hom kry, is hy bly en tel hom op sy skouers. As hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap wat weg was, weer gekry.'

Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie."

## Bespreking

1. Hoekom sal 'n skaapwagter sy trop los om een verlore skaap te gaan soek?
2. Wie is ons skaapwagter?
3. Moet ons saam met die skaapwagter bly wees as hy 'n verlore skaap gevind het?

## Aktiwiteit

Benodighede:

- Wit A4 Karton – (opsioneel: druk die skaap uit in die "maklike druk idees" afdeling)
  - Watte
  - Gom
  - Skêr
  - Inkleur potlode
1. Teken die buitelyne van 'n skaap, of van 'n skaap se kop op die A4 karton (of gebruik die skaap in "maklike druk idees")
  2. Knip die skaap uit
  3. Plak die watte oor die skaap se lyf, of bokant van sy kop
  4. Kleur die res van die skaap in



